higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

SIELKUNDE VAN LEER
NKR VLAK 3

(5050073)

11 Desember 2020 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

560Q1N2011

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Identifiseer DRIE kenmerke van die volgende hemisfere:



[Bron: *www.shutterstock.com*]

1.1.1 Linkerbrein

1.1.2 Regterbrein

(3 + 3) (6)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur 'n woord of woorde uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.3) in die ANTWOORDBOEK.

heelbrein; hemisfeer; sosiale; deduktiewe redenering

1.2.1 … vaardighede hou verband met interaksie met ander mense.

1.2.2 Elke … is verantwoordelik vir spesifieke funksies van die gees en liggaam.

1.2.3 Vaardighede wat nodig is om te oorleef, betrek die …

(3 × 1) (3)

1.3 Die brein is in vier kwadrante verdeel en 'n individu se persoonlikheid word gewoonlik aan een van die vier kwadrante toegewys.



Kopiereg voorbehou

1.3.1 Identifiseer EEN kenmerk wat 'n individu vir elke kwadrant sal vertoon. (4 × 2) (8)

1.4 As jy 'n ouditiewe leerders is, watter DRIE strategieë kan jy gebruik om jou te help om beter te leer? (3 × 1) (3)

1.5 Lees die scenario en beantwoord die vraag.

Amanda is 'n 6-jarige dogter. Haar opvoeder, Mej Lindi, het onlangs opgelet dat Amanda baie klouerig (clingy) in die klas is. Haar selfbeeld is ook baie laag, omdat sy konstant dink dat sy in 'n taak gaan faal voordat sy dit nog begin het. Sy wil nooit met die ander kinders speel nie omdat sy voel dat hulle nie vriende met haar wil wees nie.

Gee DRIE maniere waarop Amanda se ouers haar intelligensie kan verbeter, gebaseer op wat Mej Lindi waargeneem het. (3 × 2) (6)

1.6 Bestudeer die foto hieronder en beantwoord die vraag wat volg:



[Bron: *www.prodigygame.com*]

Identifiseer TWEE voorbeelde uit die foto wat aandui dat die opvoeder 'n samewerkende leersituasie geskep het. (2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 2

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1.1 - 2.1.5) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

2.1.1 Etiek handel oor mense se moraliteit.

2.1.2 Doeltreffende onderrig kan plaasvind selfs al is daar geen dissipline nie.

2.1.3 Opvoeders kan romantiese verhoudings met hulle studente hê.

2.1.4 Kinders boots onetiese gedrag na wat deur hulle ouers gemodelleer word.

2.1.5 Sielkundige redes vir onetiese gedrag kan AGHS insluit.

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

2.2 Jy is ’n volwasse student by jou kollege.

Watter DRIE beginsels van volwasse leer geld vir jou? Staaf jou antwoord. (3 × 2) (6)

2.3 Primrose is die nuut aangestelde graad 4 opvoeder by SPM Primêre Skool. Haar lesse beklemtoon verwysings na prente en illustrasies. Sy moedig studente ook aan om hulle eie aantekeninge te maak om beter te begryp. Primrose verduidelik konsepte deur lyftaal en gesigsuitdrukkings te gebruik.

2.3.1 Identifiseer die leerstyl in die gegewe scenario. (2)

2.3.2 Identifiseer DRIE strategieë wat leerders wat hierdie leerstyl gebruik, kan volg. (3 × 2) (6)

2.3.3 Is dit gepas dat Primrose slegs hierdie leerstyl in haar graad 4-klas gebruik? Gee DRIE redes vir jou antwoord. (1 + 3) (4)

2.4 Howard Gardner suggereer dat die idee van intelligensie gebaseer op IK-toetsing beperk is.

2.4.1 Noem die AGT kernintelligensies wat Gardner voorstel. (8 × 1) (8)

2.4.2 Watter intelligensie pas jou die beste? Staaf jou antwoord deur DRIE redes te verskaf. (1 + 3) (4)

2.5 Watter beginsel van kinderleer sal jy as die belangrikste beskou? Staaf jou antwoord. (1 + 2 × 2) (5)

[40]

VRAAG 3

3.1 Kyle is 9 jaar oud en het onlangs sy vriend John begin boelie. Kyle was nooit ’n aggressiewe kind nie en sy gedrag het sy ouers en sy opvoeder geskok.

Gee VIER redes vir die moontlike verandering in Kyle se gedrag. (4 × 2) (8)

3.2 Outonome leer verwys na ’n mens se vermoë om verantwoordelik te wees vir jou eie leer.

Watter VIER voordele dink jy is daar vir outonome leerders? (4 × 2) (8)

Kopiereg voorbehou

3.3 Identifiseer of die volgende stellings voorbeelde van kinderleer of volwasse leer is. Skryf óf 'kind' óf 'volwassene' langs die vraagnommer (3.3.1–3.3.4).

3.3.1 Mev Poswa laat Emma toe om teen haar eie pas in die klaskamer te werk.

3.3.2 Mnr Tonjeni stimuleer sy leerders deur fisiese aktiwiteite in die klas vir hulle te verskaf om mee te werk.

3.3.3 Mnr Van Rooyen vra sy leerders aan die begin van elke termyn om hulle persoonlike doelwitte te stel.

3.3.4 Mev Liwani vra die leerders gereeld oor hulle lewenservaring wanneer hulle sekere onderwerpe in die klas bespreek.

(4 × 2) (8)

3.4 Bestudeer die foto hieronder en beantwoord die vraag.



[Bron: *www.whitbyschool.org*]

Identifiseer TWEE visuele metodes van leer. (2 × 2) (4)

3.5

Thandi is 'n 10-jarige dogter in graad 5. Sy was nog altyd teruggetrokke en het haarself besig gehou. Haar akademiese resultate is swak en haar klasonderwyser, Mej Ngadi, is bekommerd hieroor. Toe sy met haar ma gesels het, het Mej Ngadi uitgevind dat Thandi se pa misbruikend is en dat Thandi al dikwels gesien het hoe haar pa haar ma fisies mishandel. Sy huil haarself ook dikwels aan die slaap. Thandi moet nou noodgedwonge by haar grootouers woon.

3.5.1 Toon aan hoe Thandi se temperament deur beide oorerwing en omgewing beïnvloed kan word. (2 × 2) (4)

3.5.2 Van jou begrip van oorerwing en omgewing, verduidelik hoe dit gekoppel word aan hoe intelligensie bepaal word. (2 × 2) (4)

3.5.3 Bespreek TWEE uitwerkings wat Thandi se omgewing op haar intelligensie en prestasie by die skool kan hê. (2 × 2) (4)

[40]

VRAAG 4

4.1 Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.3) in die ANTWOORDBOEK.

4.1.1. Waardes soos deernis en eerlikheid word as ... waardes beskou.

A kulturele
B sosiale
C persoonlike
D werk

4.1.2. 'n Voorbeeld van altruïstiese gedrag:

A samewerking
B woede
C jaloesie
D haat

4.1.3 Die raad wat alle opvoeders in Suid-Afrika registreer:

A SADTU
B SACE
C SAGE
D COSATU

(3 × 1) (3)

4.2 Na jou mening, moet m-leer in 'n klaskamer gebruik word? Staaf jou antwoord. (1 + 2) (3)

4.3. Stel TWEE wenke voor wat jy kan gebruik wanneer jy 'n geheuekaart opstel. (2 × 2) (4)

4.4 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae wat volg:

Jy het onlangs uitgevind dat jou beste vriend, Jonas, met dwelms eksperimenteer nadat sy gedrag in die klas verander het. Hy is astrant met die opvoeders en slaap altyd in die klas. Hierdie nuwe gewoonte het Jonas op 'n negatiewe manier beïnvloed en baie van sy skoolvriende wil nie meer met hom geassosieer word nie.

4.4.1 Identifiseer DRIE skadelike uitwerkings wat dwelmgebruik en rook in skole op leerders soos Jonas kan hê. (3 × 2) (6)

4.4.2 Beskryf TWEE uitdagings wat Jonas se opvoeders in die gesig kan staar. (2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou

4.5. Lees die volgende scenario en beantwoord die vraag.

Mev Carels is al vir 30 jaar 'n opvoeder. Sy is lief vir onderrig en is altyd bereid om die leerders te help. Sy is so lief vir onderrig dat indien haar leerders nie hulle assesserings inhandig nie, sy bereid is om dit vir hulle te doen. By tye, as die leerders nie hulle assesserings deurkom nie, sal sy sekere antwoorde reg merk sodat die leerder kan deurkom. Mev Carels het 'n goeie verhouding met haar leerders en vertrou hulle heeltemal. Sy sal vir hulle sê om hulle ouers nie te vertel wat sy met hulle assesserings doen nie.

4.5.1 Identifiseer DRIE gevalle van onetiese gedrag deur Mev Carels. (3 × 2) (6)

4.5.2 As jy 'n opvoeder was, wat sou jy anders doen? Stel TWEE idees voor. (2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 5

5.1 Kies 'n term uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (5.1.1– 5.1.6) in die ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
5.1.1	Om as 'n groep te leer	A	handboekmetode
5.1.2	Om te bepaal wat leerders oor 'n onderwerp weet	B	drilmetode
5.1.3	Om te besin oor wat geleer is	C	samewerkende leer
5.1.4	Om maaltafels te memoriseer	D	verhalende metode
5.1.5	Nie geskik vir tas-kinestetiese leerders nie	E	vrye-aktiwiteitmetode
5.1.6	Dit moedig nie samewerkende leer aan nie	F	demonstrasiemetode
		G	outonome leer
		H	vraag-en-antwoord-metode

(6 × 2) (12)

5.2 Bestudeer die foto hieronder en beantwoord die vraag.



[Bron: *www.pathways.org*]

Identifiseer VIER funksies van spel wat in hierdie kinders kan ontwikkel.
(4 × 2) (8)

5.3 Identifiseer of die volgende stellings voorbeelde van *formele leer* of *informele leer* is deur slegs 'formeel' of 'informeel' langs die vraagnommer (5.3.1 – 5.3.2) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

5.3.1 Donald het gekyk hoe sy pa 'n wiel vervang. Toe Donald se pa die volgende keer 'n pap wiel gehad het, het hy gehelp om dit te vervang.

5.3.2 Daisy woon haar Sielkunde van leer klasse by en luister na haar dosent.

(2 × 2) (4)

5.4 Shaun is 'n graad 5-leerder. Sy klasonderwyser let op dat hy 'n goeie geheue het. Hy kan krities dink en kom met kreatiewe antwoorde vorendag. Shaun reageer goed op oop vrae en word as regterbrein dominant gekategoriseer.

5.4.1 Noem DRIE ander kenmerke wat Shaun vanweë sy breindominansie kan hê. (3 × 2) (6)

5.4.2 Identifiseer die onderrigmetode wat Shaun die beste sal pas. Staaf jou antwoord. (2 + 2) (4)

5.5 Vergelyk *langtermyn geheue* met *korttermyn geheue* en verskaf EEN voorbeeld van elk. (3 + 3) (6)

[40]

TOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou